higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N650**(A)**(J19)H

NASIONALE SERTIFIKAART

MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6

(4090516)

19 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 WERKSBEVREDIGING

1.1.1 Bespreek DRIE faktore wat werksbevrediging bepaal. (3 × 2) (6)

1.1.2 Werk ontevredenheid is geneig om relatief wydverspreid te wees in die landbou.

Gee SES redes vir hierdie verskynsel. (6)

1.2 VERGOEDING VAN PLAASWERKERS

1.2.1 Verduidelik die term *primêre vergoeding.* (2)

1.2.2 Verduidelik die verskil tussen *direkte primêre vergoeding* en *indirekte primêre vergoeding*. Gebruik voorbeelde om die verduideliking te ondersteun. (14)

1.3 Bespreek die algemene verpligtinge van die boer teenoor sy/haar werkers om maksimum veiligheid en gesondheid te verseker. (6)

1.4 Enige werker het sekere basiese verwagtinge van sy/haar bestuurder.

Bespreek hierdie stelling. (8)

1.5 Bespreek VIER maniere waarop 'n dienskontrak beëindig kan word. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die menslikehulpbronteorie:

2.1.1 Noem die DRIE bestaande menslikehulpbronteorieë. (3)

2.1.2 Bespreek kortliks die teorie waar benutting van menslike hulpbronne uitgelig word. (8)

2.1.3 Watter menslike hulpbronteorie/teorieë beskou jy as die beste vir jou? (4)

2.2 Evalueer die volgende stelling en skryf jou opinie daaroor:

'Geld is die beste motiveerder vir enige werker in die werkplek.' (8)

2.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of Onwaar' langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.3.1 Werkers is geregtig op opleiding in die werkplek.

2.3.2 Werkers het die reg om te staak.

2.3.3 Werkers het die reg om gesamentlik oor arbeidsvoorwaardes te onderhandel.

2.3.4 Werkers het nie die reg op werksekuriteit nie.

2.3.5 Plaaswerkers mag nie hul ontslag aan die KVBA appelleer nie.

(5 × 1) (5)

2.4 Jy het 'n pos as bestuurder van Amandla Pekanneut Plaas aanvaar.

Skryf die verwagtinge neer wat jy van jou personeel in die werkplek het wat jou tydens jou eerste vergadering aan hulle verduidelik het. (5 × 2) (10)

2.5 Verduidelik waarom dit belangrik is dat Amandla Pekanneut Plaas kennis neem van die eerste drie vlakke van Maslow se hiërargie van behoeftes. (6)

2.6 Lees die volgende aspekte van die werkplek en sorteer dit in Herzberg se tweefaktoreteorie. Skryf slegs 'motiveerder' of 'higiëniese faktor' langs die vraagnommer (2.6.1-2.6.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.6.1 Die studieleier erken jou goeie werk.

2.6.2 Jou maandelikse salaris.

2.6.3 Mense in die besigheid kry 'n geleentheid vir bevordering met nuwe verantwoordelikhede voordat iemand van buite aangestel word.

2.6.4 Die werksarea word skoon gehou met vars blomme wat weekliks uitgesit word.

2.6.5 Jy het 'n toesighouer wat goeie verhoudings met sy/haar onder-geskiktes het.

2.6.6 Jou bestuurder moedig 'n werkgewer aan om meer verantwoordelikhede te aanvaar.

(6 × 1) (6)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Die maksimum aantal ure per week wat 'n plaaswerker toegelaat word om te werk is ... ure.

3.1.2 Die maksimum aantal oortyd in ure wat per week gewerk kan word, is ... ure.

3.1.3 Die maksimum aantal ure in een dag is ... uur.

3.1.4 'n Werker in Suid-Afrika is geregtig op ... werksdae verlof per jaar.

3.1.5 'n Minimum van ... kontinue dae jaarlikse verlof moet geneem word.

3.1.6 'n Werker wat 5 dae per week werk, is geregtig op ... dae siekteverlof per 3-jaar siklus.

3.1.7 'n Swanger werker moet werk stop ... weke voor die verwagte kraam datum.

3.1.8 Na die geboorte is die moeder geregtig op ... maande kraamverlof.

3.1.9 Maslow se motiveringsteorie het ... vlakke.

3.1.10 U mag nie 'n persoon wat jonger as ... jaar oud is, in diens neem nie.

(10 × 1) (10)

3.2 Beantwoord die volgende vrae deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 Hoeveel ure per dag is 'n werker toegelaat om te werk as hy/sy 6 dae per week werk?

3.2.2 Na hoeveel ure moet daar 'n maaltydpouse wees?

3.2.3 Wat is die normale periode van die maaltydpouse wat in VRAAG 3.2.2 in minute genoem word?

3.2.4 As die weeklikse oortydkoers 1,5 keer die normale loonkoers is, wat sal die koers wees vir ‘n Saterdag?

3.2.5 Wat sal die werker betaal indien hy/sy op 'n Sondag vir 3,5 uur werk en R180,00 vir 'n nege uur dag betaal word?

3.2.6 Vir hoeveel dae moet 'n werker gewerk het voordat hy geregtig is op 'n dag se siekteverlof?

Kopiereg voorbehou

3.2.7 Hoeveel ure is wettiglik benodig vir 'n aaneenlopende rusperiode?

3.2.8 Wat is die wettige tydperk van kraamverlof vir 'n vrou?

3.2.9 As 'n werker aan diens beseer word en 10 dae siekteverlof moet neem as gevolg van die besering, hoeveel dae normale siekteverlof sal oorbly as die werker 30 dae siekteverlof het?

3.2.10 Watter Wet handel oor die bepalings met betrekking tot VRAAG 3.2.1-3.2.9?

(10 × 1) (10)

3.3 Dit is jou beurt om as voorsitter vir die dissiplinêre verhoor in die werkplek op te tree.

Watter stappe sal jy as voorsitter tref om te verseker dat die korrekte reeks gebeure plaasvind om 'n regverdige verhoor vir die aangeklaagde persoon te verseker? (8 × 2) (16)

3.4 Noem VIER redes waarom jy altyd deeglike rekord moet hou van dissiplinêre verhore. (4 × 2) (8)

3.5 Gee DRIE redes waarom 'n grieweprosedure voordelig vir die werkplek is. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *vakbond.* (6)

4.2 Wat verstaan jy onder die volgende terme:

4.2.1 Werkonderbreking

4.2.2 Uitsluiting

(2 × 3) (6)

4.3 Watter raad sal jy tydens 'n bespreking by die plaaslike boerevereniging gee oor maniere om 'n vakbond te hanteer wat in jou area begin werk? (7 × 2) (14)

4.4 Verduidelik die doel en doelwitte van 'n winkelwagter. (4)

4.5 Gee TWEE redes vir die vermindering van personeel en verduidelik die verskil tussen die twee redes. (10)

4.6 Noem en bespreek VIER riglyne wat die boer moet oorweeg wanneer personeel vir ontslag gekies word wanneer personeelvermindering in die werkplek moet plaasvind. (4 × 2) (8)

4.7 Watter Wet dek personeelvermindering? (2)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou